education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

FEBRUARIE/MAART 2009

MEMORANDUM

PUNTE: 200

Hierdie dokument bestaan uit 17 bladsye

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

ANTWOORDBLAD

VRAAG 1.1						
1.1.1	A	B	C	D	(2)	LO 4 AS 4.3
1.1.2	A	B	C	D	(2)	LO 1 AS 1
1.1.3	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS5
1.1.4	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS 5
1.1.5	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS5
1.1.6	A	B	C	D	(2)	LO1 AS1
1.1.7	A	B	C	D	(2)	LO2 AS1
1.1.8	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS 1
1.1.9	A	B	C	D	(2)	LO2 AS1
1.1.10	A	B	C	D	(2)	LO 2,3 AS7 2,3
1.1.11	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS 3
1.1.12	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS 4
1.1.13	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS 4
1.1.14	A	B	C	D	(2)	LO 2 AS 7
1.1.15	A	B	C	D	(2)	LO 4 AS1
1.1.16	A	B	C	D	(2)	LO 4 AS 3
			Punte		**(32)**	

VRAAG 1.2 (LO 1 AS 2)							
1.2.1	A	B	C	**D**	E	F	(1)
1.2.2	A	B	C	D	E	**F**	(1)
1.2.3	A	B	C	D	**E**	F	(1)
1.2.4	A	**B**	C	D	E	F	(1)
			Punte			**(4)**	

VRAAG 1.3 (LO 2 AS 4)							
1.3.1	A	B	**C**	D	E	F	(1)
1.3.2	A	B	C	**D**	E	F	(1)
1.3.3	A	**B**	C	D	E	F	(1)
1.3.4	**A**	B	C	D	E	F	(1)
			Punte			**(4)**	

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

VRAAG 2

2.1 **Vetsug**

2.1.1 **Oorsake van vetsug** LO 2 AS 1

- Dieet en swak voeding. ✓
- Metaboliese faktore (insulienvlakke in die liggaam). ✓
- Gedragstoestande (te min oefening). ✓
- Oorerflikheid (gesin se geskiedenis). ✓
- Sittende leefstyle. ✓

Enige 4 (4)

(Kennis)

2.1.2 **Hartverwante gesondheidsrisiko's** LO 2 AS 1

- Hoë bloeddruk✓
- Diabetes✓
- Hoë bloed cholesterolvlakke ✓

Enige 2 (2)

(**Kennis)**

2.2 **Bestuur van Diabetes Mellitus**

2.2.1 **Koolhidrate:** LO2 AS1

- Sluit komplekse koolhidrate in die dieet in, omdat dit langer neem om afgebreek te word na eenvoudige suikers. ✓
- Dit verminder die risiko van hoë bloedsuikervlakke. ✓ (2)

2.2.2 **Vesel:**

- Vesel bevat min cholesterol en help om koolhidraat-metabolisme te verbeter. ✓ LO2 AS1
- Vesel verminder die liggaam se behoefte aan insulien en beheer die bloedglukosevlakke. ✓ (2)

2.2.3 **Gereelde maaltye**:

- Gereelde, gesonde maaltye van min of meer dieselfde grootte✓ wat eweredig gespasieer is, sal bloedglukosevlakke konstant hou. ✓ LO2 AS1 (2)

(Kennis)

2.3 **Waarom is sommige jong volwassenes meer vatbaar vir grondboontjie allergie?**

2.3.1

- Sommige het dit geërf. LO2 AS1
- Sommige het 'n intoleransie vir 'n sekere bestanddeel wat in grondbone voorkom.
- Sommige jong volwassenes se immuunstelsel reageer negatief teenoor 'n voedselbestanddeel/kan nie teenliggaampies produseer wat die allergeen beveg nie. (2)

(Kennis)

2.3.2 **VIER voorsorgmaatreëls wat jong volwassenes moet tref om hul allergie vir grondbone te beheer.**

- Moenie grondbone eet nie – vervang met ander neute.
- Doen navraag oor die inhoud van spyskaarte en etikette.
- Dra 'n kenplaatjie wat die toestand aandui.
- Neem altyd medikasie saam.

LO 2 AS 1

(Toepassing) (4)

2.4 **TWEE additiewe uit die lys van kougom bestanddele wat skadelik is vir menslike gesondheid**

- Aspartaam
- Fenielalamien

(2)

(Toepassing)

2.5 **Redes waarom voedsel ryk aan anti-oksidante in die dieet van MIV pasiënte ingesluit moet word** LO 2 AS 1

- 'n Anti-oksidant is 'n dieet bestanddeel wat skade aan die liggaamselle verhoed ✓ of skade kan herstel.✓
- Anti-oksidante verbeter die immuunfunksie✓ en verlaag die risiko van infeksie.✓
- Dit verbeter die spysvertering:✓ MIV pasiënte lei aan diarree en wanabsorbsie, wat weer lei tot dehidrasie en verlies aan aptyt.✓
- Dit verhoed die vorming van gewasse:✓ MIV pasiënte is vatbaar vir verskeie tipes kanker.✓ Dit beskerm die breinselle teen skadelike toksiene.✓

Enige ander relevante antwoord (6)

(Toepassing)

2.6 **Hoë Bloeddruk**

2.6.1

- **Hoë Bloeddruk** is 'n toestand wat ontstaan as die hart bloed in die are pomp teen 'n hoër drukking as normaalweg *(120 systoliese / 180 diastoliese).* ✓ Hoe hoër die druk hoe beter is kans om hartsiektes te ontwikkel. ✓

LO2 AS1 (2)

Enige ander goeie verduideliking

(Kennis)

2.6.2 **Oorsake van Sam se toestand:**

- Hoë alkohol inname: ✓ Mense wat baie alkohol inneem het gewoonlik hoë bloeddruk. Drankprobleme tesame met hoë bloeddruk gee aanleiding tot hartsiektes. ✓
- Onaktiewe lewenstyl: (sittend): ✓ Sam kry nie genoeg oefening nie. ✓
- Oefening verlaag die bloeddruk of maak dit makliker om te bestuur. ✓
- Hoë soutinname: ✓té veel sout gee aanleiding tot hoë bloeddruk. ✓

LO2 AS1

Enige 4

- Klaargaar kos: ✓bevat baie sout, vet en olie ✓ wat die are verstop.
- Geslag: ✓mans het 'n groter risiko om hoë bloeddruk te ontwikkel as vrouens. ✓
- Besige of stresvolle omgewing: ✓ hy het nie tyd om te sit en 'n goeie maaltyd te eet nie. ✓ (4)

(Begrip)

2.6.3 **Veranderinge aan dieet** LO2 AS1

- Verminder die soutinname,✓ dit lei tot hoë bloeddruk ✓
- Eet minder gebraaide kos ✓bevat baie vet wat die are verstop✓
- Beperk die alkoholinname:✓ Mense wat alkohol matig gebruik (1 – 2 drankies per dag) se bloeddruk is geneig om laer te wees en is minder vatbaar vir hartsiektes. ✓
- Eet minder vleis ✓dit bevat versadigde vette wat die are verstop.✓
- Eet meer vars vrugte en groente✓ - bevat nie versadigde vette nie, maar wel baie minerale en vitamiene.✓
- Eet meer vis ✓wat poli-onversadigde vette bevat.✓

Enige 4 (4 x 2) (8)

(**Evaluering)**

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: KLEDING

VRAAG 3

3.1 **Boodskappe wat deur klere oorgedra word**

- Geloof✓
- Kultuur✓
- Persoonlikheid✓
- Aktiwiteit✓
- Beroep✓
- Emosie✓
- Sosio-ekonomiese status✓

LO2
AS 3

Enige 5 (5)

(Kennis)

3.2 **VIER eienskappe van klere wat gemaklik sal wees vir 'n persoon in 'n rolstoel wat in 'n oproepkantoor werk**

- Kwaliteit naatlose broek om beweging te vergemaklik as hy/sy 'n probleem het met die lae rug.✓
- Klere met spesiale kenmerke wat onopvallend in die agterpant versteek is (klitsband/Velcro) om aan- en uittrek te vergemaklik ✓
- Klere met drukkertjies is gemaklik om te dra. ✓
- Klere met openinge aan die agterkant maak dit maklik vir versorgers om mense met ruggraat beserings aan- en uit te trek. ✓
- Skoene met maklik verstelbare bande (Velcro/klitsband) ✓
- Kleedstowwe moet sag, kreukeltraag, absorberend en goeie geleiers wees. ✓
- Broeke wat lang ritssluiters in die synate het, sal maklik aan- en uittrek. ✓
- Die styl moet goed pas en gemaklik wees. ✓

LO 2
AS 3

(Kennis) (8)

3.3 **Faktore wat die beskikbaarheid van modes bevorder**

3.3.1 **Verhoogde mobiliteit:** LO 2
Mense wat baie reis, ✓ word blootgestel aan meer kulture en modeneigings, ✓ en het dus behoefte aan ander klere. ✓ AS 3 (3)

3.3.2 **Verspreidingsmetodes**:

- Klere word maklik van oorsee na stede en platteland vervoer. (koerierdienste is beskikbaar) en verskaf 'n groter verskeidenheid ✓
- Meer toeganklik: kan dit so gou moontlik kry ✓
- Kleinhandelaars kan voorraad van ander winkels kry as hulle voorraad uitverkoop is. ✓

(3)

3.3.3 **Kommunikasie**

- Media, bv TV, internet maak dit moontlik om nuutste modes te sien, te kommunikeer via e-pos, selfoon. (Enige aanvaarbare antwoord)✓
- Advertensies help dat vebruikers op hoogte bly van al die nuwe inligting. ✓
- Verbale kommunikasie oor die nuutste neigings sal die keuse vergroot. ✓

(3)

(Begrip)

3.4 **Geskikte uitrusting vir werksomgewing**

Ja ✓ (NEE sal slegs aanvaar word as grondige redes gegee word.) LO 2 AS 3

- Die uitrusting is geskik vir alledaagse drag✓
- Die uitrusting is modieus, dog informeel ✓ maar hy sal die hemp moet insteek om 'n beter indruk te skep. ✓
- Gemaklik ✓

Enige ander toepaslike verduideliking (5)

(Toepassing)

3.5 **Jong volwassenes pas aan by kledingstyle wat deur hul portuurgroep vasgestel word** LO 3 AS 3

Indien JA ✓

- Die jong volwassenes se modes sal afhang van watter kollege, inrigting hulle bywoon. ✓
- As jong volwassenes onseker voel, ✓sal hulle altyd die modes dra wat hulle portuurgroep dra.✓
- Die portuurgroep se mening is belangrik want dit skep die gevoel dat hy/sy “behoort”✓

Indien NEE✓

- As jong volwassenes selfvertroue het, ✓ sal hulle altyd hulle eie beeld wil uit dra. ✓
- Die portuurgroep se mening is nie altyd belangrik nie. ✓
- Bekostigbaarheid – die klere moet nie te duur wees nie. ✓

(5)

(Toepassing)

3.6 **Impak van klere-invoere op die plaaslike klere-industrie**

- Baie tekstielfabrieke sluit as gevolg van die instroming van goedkoper handelsmerke. ✓ LO 3
- Dit is noodsaaklik om entrepreneurskap aan te moedig om werkverskaffing te bevorder. ✓ AS 3
- Verskaf opvoeding en opleiding om die vaardigheid van werkers te verbeter en om entrepreneursvaardighede te ontwikkel. ✓
- Soek uitvoer geleenthede eerder as invoer geleenthede om die Suid-Afrikaanse ekonomie te ondersteun ✓ omdat die toename in ingevoerde klere lei tot die afname in verkope van Suid-Afrikaans-vervaardigde klere. ✓
- Skep aangename werksomstandighede sodat die werkers gelukkig kan wees. Onrus lei tot swak produktiwiteit en 'n toename in inflasie. ✓
- 'n Afname in Suid-Afrikaanse uitvoere het tot gevolg dat arbeid en toerusting nie benut word nie. ✓
- **Samevatting:** Die mees effektiewe strategie is om Trots Suid-Afrikaanse produkte te bevorder omdat dit sal bydra tot die Suid-Afrikaanse ekonomie, ✓ bv TV-aanbieders dra die nuwe ontwerpe van jong Suid-Afrikaanse ontwerpers. ✓ (8)

(Evaluering)

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN MEUBLEMENT

VRAAG 4

4.1 **VIER uitgawes wat Suid-Afrikaanse huiseienaars maandeliks moet betaal**

- Huur of verband ✓
- Eiendomsbelasting en diensgelde✓
- Versekering✓
- Water✓
- Elektrisiteit ✓
- Riool- en vullisverwydering ✓

LO 2
AS 5
Enige 4

(Kennis) (4)

4.2

4.2.1 **Eiendomsbelasting** LO 2 AS 5

- Belasting wat betaal word op grond of gebou wat 'n persoon besit. ✓
- Dit word gebaseer op die markwaarde van die eiendom. ✓
- Dit word gebruik om verskeie dienste van die munisipaliteit te befonds. ✓

(2)

4.2.2 **Verband registrasie**

Die geld wat aan registrasie prokureur betaal word om die huislenig te registreer. ✓ Die geld word volgens 'n voorgeskrewe tarief bepaal en hang af van die grootte van die lenig ✓ (2)

4.2.3 **Versekering**

4.2.3

- Word betaal om die huis/eiendom te beskerm in gevalle soos brand, natuurrampe en politieke onrus. ✓
- Die persoonlike inhoud van die huis word beskerm in gevalle van diefstal, huisbraak of natuurrampe✓

LO 2
AS 5

(Kennis) (2)

4.3 **Huurooreenkoms**

4.3.1 Dit is 'n wettige kontrak tussen die huurder en die eienaar ✓ wat vereis dat al die partye dit onderteken sodat hulle die ooreenkoms sal nakom. ✓
(Kennis)

LO 2
AS 5

(2)

4.3.2 **Redes waarom die Jones-gesin eers die huurooreenkoms moes gelees het voordat hulle dit geteken net:**

- Die huurooreenkoms dui die regte en verantwoordelikhede van albei partye aan.✓ Beide partye moet hulle regte en verantwoordelikhede verstaan.✓
- Die huurder moet die regsimplikasies verstaan voordat die ooreenkoms geteken word. ✓
- Die huurder moet weet hoeveel huur hy/sy elke maand moet betaal en hoe lank die huurkontrak strek. ✓
- Moet die klousule ten opsigte van kennis gee voordat uitgetrek word, verstaan. ✓
- Kan sekere reels en regulasies wat die huurder moet nakom ✓ bevat bv geen troeteldiere word toegelaat nie. ✓

(Toepassing)

Enige 6

(6)

4.4 **Verbandakte en bank se vereistes vir die verkryging daarvan**

4.4.1 **Verbandakte**

- Dis 'n ooreenkoms tussen die koper en die bank ✓ waarsonder die lening nie gewaarborg kan word nie. ✓

(Kennis)

LO 2
AS 5

(2)

4.4.2 **Bank se vereistes vir die verkryging van verbandakte**

- Dokumente
- Kredietwaardigheid
- Bewys van inkomste
- Waardasie van eiendom

(Begrip)

(4)

4.5 **Vergelyk gasstoof met elektriese stoof**

4.5.1 **Vergelyking:** LO 3 AS 1

Elektriese stoof	**Gasstoof**
Prys: kontant - R2999 ✓	Prys: kontant R2499.95✓
krediet – R4300.65✓	krediet – R4663✓
Rentekoers:28% ✓	Rentekoers: 26%✓
Deposito: R300	Deposito: R250
Termyn: 24 maande	Termyn: 30 maande
Waarborg: 24 maande	Waarborg: geen

Gevolgtrekking: Alhoewel die oorspronklike prys vir die gasstoof minder is as die van die elektriese stoof, sal die langer betaaltydperk die kredietprys verhoog.✓ Die elektriese stoof het 'n 24 maande waarborg wat die gasstoof nie het nie. Indien die verbruiker die bedrag geld in 'n korter tydperk terugbetaal, sal die gasstoof die beter opsie wees.✓ (8)

Analise

4.5.2 **Impak van die gebruik van huishoudelike gas op die omgewing**

- In klein kombuise sal die gas konsentrasie irritasie veroorsaak. (stikstofdioksied**).** ✓ LO 3 AS 1
- Brandende gas skei dampe af wat gesondheidsrisiko's inhou. ✓
- Gebruik van elektrisiteit verminder – dus minder kragonderbrekings.✓ (3)

(Begrip)

4.6 **Innoverende maniere om watergebruik te verminder**

- Die munisipaliteit kan besparingsmaatreëls vir elke huishouding instel. ✓ LO 2 AS6
- Installeer 'n filtersisteem sodat water nie vermors word as gevolg van onsuiwerhede nie. ✓
- Gebruik slegs die skottelgoedwasser as dit volgepak is - bespaar 1 000 liters per maand. ✓
- Hoë druk- en stoom-skoonmakers bespaar water. ✓
- Maak seker dat pype en krane nie lek nie. ✓
- Vervang die kop van die stort met een wat minder water deurlaat. ✓
- Moenie snesies wegspoel nie, gooi eerder in vullisblik – dit bespaar water. ✓

(Toepassing) (5)

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E

VRAAG 5

5 .1 **Stappe in produksie waartydens kwaliteitbeheer toegepas kan word.**

		AL DIE OPSIES	
5.1.1	Insette	• Vaardige werkers maak die produk.✓ • Ontwerp spesifikasies. ✓ • Goeie kwaliteit rou materiale om die produk te maak (**kleding en sagte meublement**); bestanddele korrek afgemeet om voedsel te berei (**voedsel**) ✓ • Begroot en koopmateriale/bestanddele en hulpmiddels ✓ • Gesonde infrastruktuur hou verband met kwaliteitbeheer (gebou, elektrisiteit, water) . ✓ • Goeie gereedskap en masjinerie om produk te maak. ✓	LO 4 AS 1 (3)
5.1.2	Proses	• Visuele ondersoeke vir foute in materiale/bestanddele ✓ • Hou by spesifikasies. ✓ • Logiese werksvolgorde. ✓ • Goeie verpakking en etikettering✓	(3)
5.1.3	Uitsette	• Finale kwaliteitbeheer vind plaas ✓ • Bergingsfasiliteite moet toepaslik wees. ✓ • Lewer voltooide produk af in 'n goeie, skoon toestand. ✓ **(Kennis)**	(3)

5.2 **Gebruik verpakking om verbruikers se koopgedrag te beïnvloed**

- Maak verpakking gebruikersvriendelik deur houers te gebruik wat maklik oopmaak en weer verseël kan word. ✓ LO 4 AS 1
- Moet kenmerke hê wat verbruikers se aandag sal trek of 'n behoefte by verbruikers sal skep om dit te wil koop. ✓
- Moet 'n etiket en skanderingkode op hê sodat die produk en die prys maklik geïdentifiseer kan word. ✓
- Verbruikers is geneig om produkte met tegniese en estetiese ontwerpe te koop, bv venster wat produk vertoon. ✓
- Herwinbare verpakking mag ook as aansporing dien.✓

(**Begrip)** (5)

5.3 **Waarom is dit belangrik dat werknemers die arbeidswet te verstaan?**

- Werknemers sal weet wat hulle regte en verantwoordelikhede in die werkplek is.✓ bv as hulle die Arbeidsverhouding wet ken. ✓ LO 4 AS 2
- Hulle sal weet wat hulle rol in die besluitnemingsproses is ✓ sodat die besigheid glad sal funksioneer sonder enige stakings. ✓
- Hulle sal hulle regte ten opsigte van gesondheid en veiligheid by die werk ken. ✓ Kennis van die gesondheid- en veiligheid wet is 'n vereiste. ✓

(**Kennis**) (6)

5.4 **Vereiste kriteria vir die opstel van 'n besigheidsplan**

- **Doel van die besigheid** ✓ LO 4
- Besluit wat die doelwitte van die besigheid moet wees. ✓ AS
- Besluit watter rigting die beste vir die besigheid se belange sal wees – dis die sleutel tot sukses. 1,2
- **Die teikenmark** ✓
- Beskryf die profiel van die teikenmark en identifiseer hulle behoeftes. ✓
- **Die voordele van die produk** ✓
- Gee 'n beskrywing van die produk, die eienskappe en die voordele daarvan vir die verbruiker. ✓
- **Die bemarkinstrategie** ✓
- Die prys word bepaal deur die verskaffer se vereistes vir die netto inkomste en mikpunte vir langtermyn bemarkingsbeheer. ✓
- **Promosie** – dit sluit verpakking en etikettering in. dit moet duidelik uiteengesit word in die bemarkingsplan. ✓
- **Verspreidingsmetodes** ✓
- Meld of die produk op die perseel verkoop gaan word of dit aan 'n kleinhandelaar verskaf gaan word. ✓

(**Kennis & Begrip en toepassing)** (10)

5.5 **Die interaksie van hulpmiddels, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap in die produksie van kwaliteit bemarkbare produkte**

- Die proses van die produksie van goedere en dienste behels 'n interaksie tussen vier aspekte. ✓ LO 4 AS 2
- Voordat produksie kan plaasvind moet natuurlike hulpmiddels verkry word. Dit sluit alle natuurlike hulpmiddels soos plante, water, diere, lug, grond en minerale in. ✓ Natuurlike hulpmiddels is die noodsaaklike insette in enige produksie sisteem.
- Die dryfkrag kom in die vorm van hande- en meganiese arbeid. ✓ Mense verskaf hierdie hulpmiddel deur hul kennis en vaardighede.(arbeid) ✓
- Geld is ook 'n belangrike dryfkrag wat gebruik word om hulpmiddels te bekom en lone en salarisse van werknemers te betaal. ✓ Geld moet altyd beskikbaar wees om nuwe voorraad aan te koop anders sal die onderneming nie suksesvol wees nie. ✓
- Die onderneming sal ook nie suksesvol wees as daar nie 'n persoon is wat die plan kan opstel en bestuur nie. ✓
- Entrepreneurskap behels die bestuur van hulpmiddels, geskoolde arbeid verstandige besteding van geld in al die stadia van die produksie. ✓anders sal die kwaliteit van die produk dalk onder verdenking wees. ✓

Enige relevante antwoord (10)
(Evaluering)

TOTAAL AFDELING E: 40

GROOT TOTAAL 200

Kopiereg voorbehou